'n Kind kan soms baie daarna verlang om volwasse te wees. En jy wat nie meer 'n kind is nie, dink miskien: ek wens ek het 'n werk of iemand met wie ek kan uitgaan.

Maar hoe kyk jy daarna wanneer jy 'n paar jaar ouer is en al amper volwasse? Verlang jy dan nog na later? Later sal dit mooier en beter word.

Of dink jy: ek wens ek kan hierdie tyd vashou, want ek sien dat as mens ouer word dit beslis nie beter gaan nie.

En as ons in die krag van ons lewe is? Dan wil ons die tyd graag vashou.

As ons nog ouer is en ons voel die kragte word minder, dan verlang ons soms weer na die tyd toe ons jonk was. Toe het die lewe nog voor ons gelê en nou is dit verby en was dit eintlik kort.

So kan ons dink. Natuurlik weet ons baie goed dat 'n kind van God nooit kan sê dat sy lewe amper verby is nie, maar ons praat nou soos die mense daarvoor dink en praat.

Die meeste mense dink: jonkwees is mooi en jy moet dit geniet. Hulle probeer op allerhande maniere om jonk te lyk. En wie self jonk is, dink ook dikwels: ek is jonk, ek moet die lewe geniet.

Nie almal dink so nie, ook nie al die jongmense nie. In ons tyd is daar juis jongmense wat glad nie die lewe geniet nie. Hulle vlug in dwelms of neem in hul wanhoop hul eie lewe. Hulle verwag niks meer van die lewe nie.

Daar is ook jongmense wat dit wel geniet dat hulle jonk is, maar hulle geniet op dit hul eie manier. Hulle is vrolik in losbandigheid, want jy is mos net een keer jonk.

Hoe moet 'n *Christen* leef as hy jonk is? Wat wil die Here hê hoe *ons* leef?

Moet die oueres vir die jongeres sê: Geniet maar jou lewe, want jy is net een keer jonk? Klink dit nie te 'vry' nie?

Prediker sê vir die jeug:

1. Geniet jou lewe
2. Wees suinig op jou lewe
3. Hou altyd rekening met die God van jou lewe.

### 1. Geniet jou lewe

Dis 'n opvallende teks, want die toon in hierdie Bybelboek is deurgaans ernstig en lyk soms selfs somber. En dan skielik: "*Laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid.*"

Dit is nie die eerste keer dat Prediker praat oor geniet nie. Lees maar hoofstuk 3, 9 en 11. In die lewe is daar hartseer en sonde, maar daar is ook glans - omdat God dit gee. Daarom sê Prediker geniet dit. Geniet jou werk, geniet jou lewe.

Jongmense kan ook probleme hê, maar meestal is die jonkheid tog die tyd van onbesorg geniet. Eers later word die sorge meer.

Hoe baie kan 'n mens geniet die eerste keer dat jy uitgaan, of van die eerste geld wat jy verdien, of die eerste werk wat jy het.

As die lewe in 'n sondige wêreld al so mooi kan wees, hoe pragtig moes die paradys gewees het, en hoe fantasties sal dit eindag op die nuwe aarde wees.

Geniet jou lewe - dit hoor jy nie so dikwels *in die kerk* nie. Maar glo en geniet hoort sekerlik bymekaar. Ons kan dit nog sterker sê: Om met die Here te leef, is die enigste manier om gelukkig te word en te bly. Die Here het sy geboorte nie gegee om ons in te hok nie, maar sodat dit met ons goed kan gaan.

In ons tyd is daar baie genot wat net op jouself gerig is. Dis nie wat Prediker bedoel nie. Maar hy sê wel: geniet jou lewe. Jy hoef nie skuldig te voel nie, maar ontvang dit met blydschap as 'n goeie gawe van God.

### 2. Wees suinig op jou lewe

Miskien het jy dit al baie kere gehoor: jy mag wel geniet, maar... . En dan kom die beperking. Daar volg altyd 'n *maar*.

Tog moet ons nie te vinnig sê dat Prediker weer terugvat wat hy eers gegee het nie.

Prediker se eerste 'maar' is die dood. Hy laat dwarsdeur sy boek sy lesers voel: so is die lewe sonder God, sonder Verlosser; daar is uiteindelik net die dood. Hy gebruik dikwels die woord "nietigheid". Ook in vers 10: "*jeug en jonkheid is nietigheid*". Hy begin sy boek met "*alles is tevergeefs*".

Die lewe is een groot siklus van kom en gaan, van gebore word, jonk wees, werk, oud word en sterf. Dit is sinloos as jy dit losmaak van God. 'n Mens los van God word nooit gelukkig nie, al kan dit soms aan die buitekant so lyk. As jy goed kyk, sien jy dat dit leeg is, baie, baie leeg.

In die lewe is die dood 'n groot mag. Daarom, as jy geniet, doen dit nie met toe oë nie. Jy geniet nie regtig as jy jou afsluit van die werklikheid van elke dag nie. Om so te geniet, lyk meer na 'n vlug uit die werklikheid as om werklik die lewe te geniet.

Jy kan sê: die dood is so magtig en die lewe is so kort – die lewe is sinloos. Dit is egter nie wat Prediker sê nie. Hy sê juis omdat die lewe so kort is, geniet daarvan so lank as wat dit kan.

Dit lyk amper dieselfde as: *“geniet die lewe, laat ons eet en drink, want môre sterf ons”*. Tog is daar 'n groot verskil. Jy leef *met* God of jy leef *sonder* God. Prediker roep ons op om bewus *met* God te leef, en *dan* mag jy sê: verheug jou in die Here.

So leer Prediker ons in gelowige nugterheid om te geniet, ook as ons jonk is. Wees suinig op jou lewe. *“Weer verdriet uit jou hart”*. Dit beteken nie dat ons nooit hartseer is nie, maar laat die regte blydschap nie onder gaan nie; die geloofsblydschap moet bly.

*“Hou die kwale weg van jou liggaam.”* Jou liggaam versorg is ook 'n Bybelse opdrag. As jy net leef vir die vrolikheid van die wêreld, baie kuier en baie eet en drink, dan verwoes jy jou liggaam.

### **3. Hou altyd rekening met die God van jou lewe**

Daar is 'n tweede 'maar'. In vers 9: *“maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.”*

Is dit 'n angstige gedagte? Ja, dit is as jy baie het om te verberg, maar dit is nie as jy in 'n oop verhouding met die Here leef nie. As jy nie op sekere oomblikke die blindings toetrek en sê: Nou moet God 'n rukkie nie kyk nie, want nou maak ek wat ek self wil, nou maak ek my eie reëls.

Om regtig te geniet, beteken vir 'n gelowige dat God altyd by is, dat Hy altyd by kan wees en dat jy ook niks liever wil dan dat God by is nie.

Prediker sê dat hierdie twee dinge by mekaar hoort: om te geniet en om te weet dat God na my kyk.

God vra: Was jy bly vir My? Waarna het jy gekyk? Wat het jy gelees? Wat het jy hierdie dag gedoen? Kan jy My daarvoor dank?

Is dit moeilik om so te lewe? Is dit 'n saai lewe? Wie durf dit vir God sê?

*“Dink aan jou Skepper”*, sê Prediker. Dit beteken natuurlik nie om af en toe 'n slag

aan God te dink nie, maar om Hom die eerste plek in jou lewe te gee. Dan vra jy altyd eers: Wat wil Hy? en nie: Wat wil ek? nie. Leef vir die Here nou dat jy jonk is, voordat die ongelukkige dae kom.

Moenie dink: Ag, dit sal ek later doen. Ek wil eers nog 'n paar lekker jare hê, later sal ek ernstiger word. Nee, sê Prediker, jy moet nou jou Skepper dien. Netnou kan dit dalk nie meer nie.

Kan dit dan *nooit* meer nie? Ja, selfs wanneer ons oud is, kan God ons bekeer, tot op ons sterfbed, maar dit gaan nie oor wat God kan doen nie, maar oor wat in ons jeug moet gebeur. Jou lewe moet koers kry. Vra daarvoor en God sal dit doen. Hy sal jou lewe op die regte koers instel. Dit is om jou God en Skepper te dien met blydschap en dit te geniet.

Die Here moet die koers daagliks bystel, want ons raak sommer weer van koers af. Vra Hom elke dag daarvoor en leer steeds meer sy wil ken deur elke dag aandagtig sy Woord te lees.

Dan kom ons lewe op koers. Dan groei ons in die dien van die Here. Dan groei ook die regte blydschap en die regte vrolikheid.

Deur Hom is die lewe nie sinloos nie. Hy het die lewe bevry van die wanhoop, van die ang en van die saaiheid.

Hy maak dit moontlik dat jongmense God dien. Hy maak jongmense en volwassenes gelukkig, want God het die lewe so gemaak dat jy net regtig kan geniet as jy binne die grense bly wat Hy bepaal het as jy by Hom bly.

Dan kan iemand sê: Ja, maar ek wil lééf. Dit is egter presies wat die Here ook vir jou wil, maar dan regtig leef en regtig geniet. Juis as jy jonk is, mag jy jou oefen om daarin sterk te word. Jy kan net werklik geniet as die *HERE eerste* is in jou lewe, in jou hele lewe. Dan het dit nooit 'n einde nie.

By God mag jy eindeloos geniet.  
Vir Hom, jou Skepper.

*Verwerking van 'n preek van Ds. A. Kruizenga*

---

## STUDENT LIFE

*Soshanguve*

*Jerry Mhlanga*

### **A gift from God**

Student life is a time that many do not enjoy; a time where one has to move from home, the daily care of parents, to enter another sphere of life; a time when you have to meet new people, with different characters; a time where you have to stand on your own, a time of constant study and growth. Many people have the privilege of experiencing this time. This is the time of a student.

Although many experienced this time, each of us approaches it in a different way. In this article I would like to briefly describe how I experience this time of my life.

To me attending school was not something that I took very serious. In the early years we were just taken to school by our parents without explaining the reasons to us for going to school. When we became teenagers we started to have some glimpse of why we go to school. For many it meant that they would be able to find a job, and secure a good future. This is what moved me when I was at school. I went to school to be able to get a job when I finished my matric. This indeed had an effect on how I studied. I only studied enough to be able to pass through every grade. This was the same for most of the students where I live. Spending 2 hours a day was enough to do all the schools' work. Much of our time we spent playing and watching T.V. The motive for us for going to school was wrong. For in this day and age, where finding work seems so difficult, it is then useless to go to school. After all, what is the purpose of studying if you cannot find work at the end? This is also the reasoning of many who are living in my township.

It was a time of change when I was introduced to Christianity. When God called me to be a member of His church everything changed. I was introduced to a new worldview. I was taught that God gave me brains; that in saving me, Christ redeemed my whole life; and that time is a gift of God. Therefore I have to do everything to glorify Him, also in my studies. A time for studying is given to me by God. Therefore I must use every moment that he gives me. When the world thinks that time is money, I was taught that time is a gift of God, and I have to redeem it for His glory. This became clearer to me when I entered my college life.

I am currently still studying. Student life is for me no different from Christian life. Even there, God calls me to glorify Him, for He is also concerned about my studies. Being faithful in my studies is equal to being faithful to him.

Having realised this, this is what I encourage other young people to see and do. In that way we are moved by the glory of God, rather than success. And He shapes our time for study. In doing our assignments, we work hard, and faithfully, because He wants to also be glorified in that. It is in this way that I also regret all the years I spent in idleness. Doing what I was not supposed to do. Therefore I cry for all the time I failed to use for God's glory. Student life to me and to others is a Christ-centred life. From the morning task of preparing for going to school, I have to be in time, and faithful in all the duties given to me - for His Name's sake.



---

---

# STUDYING IN SOUTH AFRICA: TIME TO GET *UNBALANCED*!

*Antoine Theron*

The ideal of a “balanced student life”, carefully trying to arrange your time spent in class and behind your desk, your social student life, sports, and church activities in such a way that you can avoid becoming either an “academic nerd” or a “party animal” or “a narrow-minded Christian” survives in many minds. But South African universities and technical universities (“technicons”) are battling waves of spiritual, academic and financial crisis. While the Titanic was cruising comfortably, it was fine to play hopscotch and tennis on the deck, to sit back and spend some time alone reading a book in the lounge and balance that with some socialising and dancing in the ballroom. When you know the ship is taking in water, however, it’s time to get *unbalanced*!

## **Why are you studying?**

Here are the answers of some of our students when asked why they study:

1. They want the degree that is required for many careers. Government prohibits us from becoming teachers, engineers, lawyers, auditors or physiotherapists without a piece of paper called a degree, diploma or certificate.
2. They want to discover truth, understand creation better, develop their minds, and become more useful intellectually to serve God.
3. They want to learn skills that they can apply in their careers.
4. They want to increase their chances of getting a job.
5. They want to socialise with other students, often people of a similar age and interests; they want to build friendships and (especially many girls) hope to meet “the right kind of person” to start a relationship with.
6. They want to tap into the prestige of studying at university. This also has an indirect social function: If you are studying at university, your status value as a boyfriend or girlfriend increases, you may be considered “more of a catch”.

These goals may be exactly the reasons why the much-quoted ideal of a “balanced student life” is outdated!

## **Time to wake up...**

1. Realise that by studying at a university you are NOT receiving what you think you are. You are being cheated. You are not getting an education that is consciously based on *truth*. You are getting an education that is increasingly politically correct, theologically liberal, relativist and pragmatic. Instead of having your mind developed for more useful service in God’s universe, you are getting indoctrinated and intellectually maimed. Symbolically, even the once reformed Potchefstroom University for Christian Higher Education is now changing its name to the dull “Northwest University”. Our universities are becoming bolder in their rejection of the word of God, and of such “higher learning” God says: **“The wise will be put to shame; they will be dismayed and trapped. Since they have rejected the word of the LORD, what kind of wisdom do they have?”** (Jeremiah 8:9).

2. You are not getting an education that really equips you for a career. Academic standards at universities are under pressure in a search for “education for the masses”. Professions such as medicine are desperately trying to boost their numbers of black graduates, and if admission criteria and academic standards have to be lowered, universities are willing to pay the price. Even when the education provided is of a high standard, it is often simply irrelevant. It may provide you with some useful technical skills, but many people who have finished their studies and started working will tell you that they have learned more in a year on the job than in four years at university. (Technicon students have a slight advantage here.) Industry considers much of what universities teach as useless!

3. Your degree/diploma will not secure you a nice job. Job security for graduates in South Africa is a thing of the past, unless you are studying accounting or medicine. Even some engineering and computer science graduates are joining the ranks of thousands of graduates in law, economics, mathematics, liberal arts, architecture that find that their degree certificates do not impress the right people in the job market.

4. The snob value of studying at university is fast disappearing. Why pick the boyfriend with a degree if he won't be able to provide for his family one day? Guys doing their apprenticeship as plumbers or electricians or builders are safer choices.

5. Your chances of meeting the "right kind of person" at university are becoming slimmer by the day. Students are not the decent, middle class, hard working and fun-loving youngsters that many older people still consider them to be. Our campuses are the habitat of all types: social misfits, drunkards, radicals, atheists, materialistic "go-getters" and charismatic Christians. AIDS is a major problem. Even the (until recently) Christian university of Potchefstroom is distributing free condoms to students. At Pretoria University authorities are investigating complaints of rape in the dormitories. Serious, Bible-believing Christian students are increasingly withdrawing from mainstream student activities.

### **... and become unbalanced!**


Once we have woken up to the realities of university life in South Africa, we'll realise that the Titanic is not all she used to be. There was a safer time when students could better afford to try and be balanced and well rounded. But times have changed.

1. Because we are not learning about God's universe in a systematic, integrated Biblical way at university, we need to learn truth *despite* university! It is not enough to read the prescribed textbooks and listen to the lecturer's views. Become *unbalanced* and read, confront, discuss and

question more than you are expected to. Try to rethink what you are studying from a Biblical viewpoint. If you are studying engineering, mathematics or physical science, buy and read *Mathematics: Is God silent* by James Nickel. If you thought the Bible says nothing about mathematics, you have been brainwashed! If you are studying art, read Francis Schaeffer's *How then shall we live* and Rookmaker's *Modern art and the death of a culture*. If you are studying law, read the *Institutes of Biblical law* by R.J. Rushdoony, or attend a conference by the Christian Lawyers Association. If you are still wondering about evolution, there are frequently lectures by international scientists that you can attend at churches in Pretoria, Johannesburg and Cape Town. If you are in Pretoria and studying medicine, try to attend some of the medical ethics discussion evenings held at the home of dr. Durand, one of our church members.

2. Since university education does not give you the skills that your career will require, you need to spend your "free time" learning skills that will make you more productive. Have you learned to type yet? Do you know the basics of computer programming? Can you understand an African language? Can you speak and write proper English? You still have time to learn, but that leaves little time for several hours of sports each week.


3. Since your degree will probably not secure you a dream job, start thinking about the day you leave university. Where will you go? It will be much easier if you have done some vacation work at a company and already know a few people in the industry. If you are studying in a field where job opportunities are very rare, such as journalism, history, and economics, you may want to consider preparing yourself for "back-up options" such as teaching by doing a diploma in teaching part time. Or become an entrepreneur and start creating an extra income ...it may one day be your *only* income!



4. Stop being a snob about university education. University is highly overrated. More importantly, studying at university says nothing about somebody's walk with the Lord. Robert Mugabe holds six university degrees but it is difficult to see how that is of any benefit to anybody. Let us be careful of boasting in earthly things. **"This is what the LORD says: 'Let not the wise man boast of his wisdom or the**

**strong man boast of his strength or the rich man boast of his riches, but let him who boasts boast about this: that he understands and knows Me, that I am the LORD, who exercises kindness, justice and righteousness on earth, for in these I delight,' declares the LORD."** (Jeremiah 9:23-24).

5. Admit that you are unlikely to meet the "right kind of person" or even many friends of noble character at university. University cannot separate the corn from the chaff for us. Do not spend late nights sipping red wine and philosophising with students who are experts on Hegel or Heidegger or deconstructivism or the evil influence of race and gender on society, but cannot name the ten commandments! They are the kind who are **"always learning but never able to acknowledge the truth"** (2 Tim.3:7). Become unbalanced: Spend your time almost exclusively with friends, both guys and girls, whose delight is in the Lord. Do you want to look for your future husband or wife on Hatfield Square, or on V&A Waterfront, or Melville ... or in church?



## 'N YSLIKE ONDERVINDING IN ANTARTIKA


*Johan Bijker*

Ek het die voorreg om nou alreeds ongeveer 7 maande in Antarktika te woon en te werk. Ek beskou dit regtig as 'n voorreg, want baie min mense het die geleentheid om die natuurskoon van Antarktika te sien en te ervaar. Suid-Afrika stuur al vanaf 1960 oorwinteringspanne Antarktika toe, en ek is deel van die 42ste oorwinteringspan. Die rede vir 'n

oorwinteringspan in Antarktika is dat Antarktika vanweë sy ligging 'n uitstekende plek is om heelwat natuurlike verskynsels te meet en te ondersoek. Omdat baie min mense op Antarktika woon, kom hier baie minder steurings voor wat die opnametoerusting kan beïnvloed, omdat hier byvoorbeeld nie TV- en radiuuitsendings, lugbesoedeling, motors

en vliegtuie is nie. Antarktika staan daarom ook as 'n "natuurlike laboratorium" bekend.

Die meeste van die verskynsels wat ons meet, het met sogenaamde "ruimteweer" te doen. Net soos ons op die aarde "weer" ken in terme van reën, wind, ensovoorts, is die ruimte ook aan 'n spesiale soort "weer" blootgestel. Veral die ruimte tussen die son en die aarde word baie bestudeer, en die son self is die grootste bron van verskynsels in hierdie gebied. Daar is byvoorbeeld 'n "sonwind" wat waai as gevolg van sonuitbarstings. Hierdie "ruimteweer" beïnvloed veral die aarde se magneetveld en ionosfeer, wat verder heelwat invloed op byvoorbeeld radiokommunikasie en satelliete het. Verder word daar gespekuleer dat ruimteweer ook 'n invloed op die aarde se weer het, maar niks is nog bewys nie. Net soos ons sekere eienskappe van gewone weer met termometers en reënmeters meet, meet ons sekere eienskappe van ruimteweer met hoëfrekwensie radar, neutronmonitors, riometers en magnetometers. Navorsing oor ruimteweer geniet tans heelwat aandag, en daar is ook baie webblaaie hieroor beskikbaar. Sien byvoorbeeld [www.spaceweather.com](http://www.spaceweather.com) vir meer inligting.



*Sanae IV-basis op die top van die Vesleskarvet tydens 'n sonsondergang.*

My werk hier behels om om te sien na die apparatuur wat gebruik word om die metings te neem, asook om sagteware te ontwikkel wat die data ontleed. Alhoewel heelwat universiteite al belange in projekte hier gehad het, is die enigste aktiewe universiteite op die oomblik die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en Universiteit van Natal. Ek sien na die meeste van Potchefstroom se apparatuur om en het 'n jaar voor my vertrek my opleiding by hulle ontvang.

Soos wat Artikel 2 van die NGB bely, leer ons God deur twee middele ken. Eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, en tweedens deur God se Woord. Ek wil op die eerste middel konsentreer. Hier op Antarktika kan jy nie anders as om klein, nietig en broos te voel nie. Want alhoewel Antarktika so mooi is, is dit net so gevaarlik. Geen mens kan sonder beskutting hier oorleef nie. Baie min diere of plantegroei oorleef hier. Die enigste vorm van lewe wat ons van ons basis af kan sien, is voëls in die somer en 'n paar tipes mos (ligene) wat op die klippe voorkom. Hier besef jy weer opnuut hoe groot God se almag is, en hoe nietig die mens werklik is.

Wat my die meeste van Antarktika aanstaan, is die unieke tipe natuurskoon wat hier voorkom. Antarktika is nie maar net 'n groot stuk wit ys rondom die Suidpool nie. Hier is 'n ongelooflike verskeidenheid dinge om te sien. Net die skeepsreis van Kaapstad tot die yswal wat Antarktika van die see skei, was al 'n ongelooflike ervaring. Die koue, storms, ysberge, pikkewyne en pakys is voorwaar iets om te onthou. Die yswal self is ongeveer 160 km van die Antarktiese vasteland geleë. Hoewel hierdie ys in die somer nie smelt nie, is dit tog stadig maar seker besig om te beweeg, en ysberge word gevorm wanneer 'n stuk van hierdie wal afbreek. Ons basis (Sanae IV) is die 4de Suid-Afrikaanse basis wat in Antarktika gebou is. Wat Sanae IV van die vorige basisse onderskei, is dat dit op 'n berg op die vasteland gebou is, terwyl die vorige basisse op die ysbank gebou is. Sanae I en II lê heel waarskynlik al op die bodem van die see, en Sanae III is al 'n hele paar meter onder die ys begrawe.

Op die vasteland van Antarktika is daar ook heelwat om te sien. Daar is heelwat bergreekse, en ons basis is op die top van 'n berg met die naam van Vesleskarvet



geleë. Die sneeu en ys vorm oral die mooiste ysformasies, veral daar waar die ys van mekaar losskeur. Die ys is altyd in beweging en "vloei" stadig maar seker see toe, en daar waar die ys nie teen dieselfde tempo beweeg nie, ontstaan 'n ysskeur. Hierdie ysskeure word krevasse genoem, en dit hou nogal heelwat gevaar in, omdat die krevasse nie altyd duidelik sigbaar is as jy daarvoor wil stap of ry nie. Aan die ander kant is hierdie krevasse ongelooflik mooi om te sien, veral as jy met toue binne-in hulle afklim. Binne-in het alles 'n pragtige blou skynsel, en as jy gelukkig is, sien jy ook 'n paar ysstalaktiete.



*Op pad Antarktika toe in opgebreekte pakys.*

Antarktika is 'n kontinent van groot kontraste. Die weer kan binne 'n paar uur van helder sonskynweer tot 'n ontsettende storm verander. Onlangs het ons 'n storm beleef wat vir dae aangehou het en wat 'n maksimum windspoed van 208 km/h behaal het. In die somer het ons amper geen storms beleef nie, en kon ek by tye 'n rukkie met 'n kortbroek en T-hemp buite loop. Om sonder beskermende klere in die winter buite te loop, is egter lewensgevaarlik. In die somer het ons 24 uur lig gehad en in die winter kom die son vir sowat 2 maande nie eers op nie.

En tog het God ook Antarktika met sy unieke kenmerke geskape. Ons lees immers in Psalm 24:1: *"Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon."* Hoe meer navorsing oor Antarktika gedoen word, hoe meer besef ons hoe pragtig God die aarde geskep het sodat alles presies inmeekaar pas. Ook Antarktika het sy plek


gekry, en speel onder andere 'n groot rol in die klimaat van die wêreld. Geen mens met oop oë kan beweer dat die aarde "toevallig" ontstaan het nie, maar moet bely dat God alles geskape het. Dan besef jy ook weer dat elke asemteug wat jy hier op die aarde kan gee, net onverdiende genade is.

As ek Psalm 8 lees, dan voel dit vir my asof Dawid self hier op Antarktika was: *"O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!"* Jy kan regtig nie anders om God se almag in alles raak te sien nie. Nog 'n ongelooflike ervaring was om auroras te kan sien. Soos daar noorderligte voorkom, kom daar ook suiderligte voor, wat 'n direkte gevolg van ruimteweer is. In kort is dit lig van allerhande vorms en kleure wat in die hemelruim naby die pole verskyn as gevolg van deeltjies wat in die aarde se magneetveld vasgevang is en met die ionosfeer bots om lig vry te stel. Psalm 8:4 en 5 verwoord dit so mooi: *"As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het - wat is die mens dat U aan hom dink, die mensekind dat U hom besoek?"* So ook Psalm 19:2: *"Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werke van sy hande."*



*Die indrukwekkende yswal wat Antarktika van die see skei.*

Alhoewel die lewe hier in isolasie nie altyd so maklik is nie, en die donker, langdurige Antarktiese nag verseker 'n negatiewe effek op jou gemoed het, voel ek tog dat dit alles tot dusver die moeite werd was. Saam met Dawid in Psalm 8 kan ek met oortuiging sê: *"O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!"*



## SINGAPOER, O, SINGAPOER ...

**Annette van der Poel bly sedert Maart vanjaar saam met haar ouers, broer en suster in Singapoer. Tanya de Vente het haar in die kuberruimte gaan ontmoet en uitgevra oor hulle doen en late.**

### **Hoekom is julle in Singapoer en wat doen julle?**

Ons is hier omdat my pa se werk dit van hom gevra het en ons gedink het dit sal 'n goeie ondervinding wees vir die res van ons om 'n ander land te ervaar. My pa werk as 'n tegniese adviseur vir YORK Transport Equipment vir al hulle takke wêreldwyd, en reis dus baie na plekke soos Indonesië, Jordanië, Irak, Zimbabwe, ensovoorts. Hy bemark ook die firma se produkte in Suidelike Afrika.

Op die oomblik hou ek nog lekker vakansie nadat ek verlede jaar skool klaargemaak het, so ek ontspan baie en doen nie veel nie. Meeste van die tyd loop ek en my ma rond in al die massiewe winkelsentrums en toer rond op die eiland na al die verskillende toeriste-aantreklikhede. Op die minder opwindende dae swem ek, of speel muurbal by die woonstel se fasiliteite.

My ma doen die huishouding en gaan elke nou en dan saam met ons na verskillende plekke. Wanneer my broer en suster nie skool toe gaan nie, gaan hulle saam met hulle vriende uit, wat gewoonlik bestaan uit inkopies, kuier en êrens gaan eet. Een keer 'n week gaan ons gesin ook uit saam met my pa se werksmense en speel óf *tenpin bowling* óf *badminton* (pluimbal).

### **Vertel meer van die omgewing waar julle woon?**

Die eerste ding wat mens hier opmerk as mens in Singapoer aankom, is hoe mooi skoon en groen dit is en natuurlik ook hoe warm dit is. Die hitte slaan mens nogal sodra jy by die lughawe uitstap. Dis heeljaar somer hier, so ek mis lekker die koue wat julle nou in SA het! Singapoer is 'n tropiese eiland wat kleiner is as die hele Johannesburg, so dit is nogal beknopt met al die mense hier, en dus is daar ook oral waar jy kyk hoë geboue wat meeste van die tyd uit woonstelle en kondominiums bestaan. Die omgewing waar ons bly, is redelik stil en rustig.

### **Verskille tussen ou en nuwe lewe?**

Hier in Singapoer is dit baie veiliger as in Suid-Afrika. Dit is nie gevaarlik om op jou eie iewers heen te gaan nie. Dit is ook baie makliker om rond te beweeg oor die hele eiland met hulle baie ekonomiese vervoerstelsel wat bestaan uit bus, taxi en MRT ('n trein wat bo en ondergronds beweeg). Ek weet, sodra mens die woord taxi sê, dink mens aan SA se soort taxi's, maar hier is dit soos in die fliëks, met die geel *cabs* wat oral rondry. Die vervoerstelsel is baie voordelig, want nou hoef ons nie ons ouers te vra om ons orals heen te bring nie!

### **Kultuurverskille?**

Hier is 'n baie groot verskeidenheid van kulture. Sjinese, Indiërs en Maleiers is die

hoofkultuurgroepe wat hier voorkom. Iets wat ek gedink het baie interessant oor die Sjinese kultuur is, is dat wanneer 'n vrou 'n babatjie in die lewe gebring het, sy vir 'n maand lank moet rus om haar kragte terug te kry. In daardie maand doen sy absoluut niks nie. Daar word selfs vir haar spesiale soorte kos voorsien deur gesinne van die kerk. Dus, die res van haar gesin moet vir 'n maand lank die babatjie versorg sonder haar hulp.

Die kos wat die mense hier eet, is ook baie anders as waaraan ek gewoond was in SA. Dis baie *spicy*. Hulle is lief vir kerrie en rissies. Hulle leef hoofsaaklik van noedels, rys en hoender. Kos soos aartappels en steaks is ongelukkig baie duur hier en moet alles ingevoer word van Australië. Geslagte hoenders word hier verkoop met die kop en pote aan!



*Uitsig uit woonstel*

### **Is julle betrokke by 'n kerk en hoe funksioneer die jeug daar?**

Elke nou en dan gaan ek en my broer (Renier) en suster (Elsje) saam met die jeug van die kerk, die First Evangelical Reformed Church, êrens heen, soos byvoorbeeld strand toe. Waar ons gewoonlik strandvlugbal en strandsokker speel en natuurlik ook swem! Dis net jammer dat die see nie golwe het nie, maar die wit strand en palmbome maak darem op daarvoor. Op Saterdagmiddae het die kerk se jeug Bybelstudies en daarna het ons allerhande sportsoorte. Die ouer jeug van die kerk (ouderdom 17-23j.) het ook al 'n kamp gehad wat ek bygewoon het. Die kamp was 4 dae lank. Dit was langs die see en ons het ook verskeie aktiwiteite gedoen soos *night cycling* en Bybelstudies.

Ons het heeltemal op ons eie gebly, waar ons ook ons eie kos moes koop en eie aandetes verskaf. Dit was baie lekker en ook 'n goeie geleentheid vir my om die mense beter te leer ken.



*Die strand*

### **Watter tipe aanpassings moes julle maak?**

Die temperatuur is 'n baie groot aanpassing. Die humiditeit is baie hoog en die

temperatuur wissel in die dag van 32-36°C en in die nag koel dit net af tot so 24°C. Net so elke nou en dan reën dit, maar dis net 'n reënbutjie wat omtrent 10 minute aanhou en dit verander nie eers die temperatuur nie! Dit raak net meer bedompig as gevolg van die humiditeit. Die eerste paar maande wat ons hier was, was nogal moeilik, omdat ek niks en niemand geken het nie, en nog geen vriende hier gehad het nie. Maar dit het gelukkig vinnig verander, omdat die kerk se jeug so vriendelik is.

### **Wat mis jy die meeste van Suid-Afrika?**

Almal wat ek ken in Suid-Afrika en my hond mis ek die meeste. Ek mis die oop spasies en die vryheid wat jy in SA het. Verally om jou eie tuin te hê! 'n Mens voel so beknop hier met al die hoë geboue en baie mense oral rondom jou.

### **Wat doen jy as jy verlang?**

Ek e-pos almal wat ek ken en probeer byhou met almal se lewe en gebeure in SA. Dis moeilik om so ver van alles en almal af te wees ...

Ons het hier aangekom in die begin van Maart en iewers in November gaan ons terug SA toe.



# Gedigte

---

## LATER IS NOU

Here, ek is nie nou lus  
om vir U te lewe.  
Ek het eintlik geen tyd:  
soveel verantwoordelikhede.

Ek dink nie aan U,  
ek bid minimum.  
Ek lees wel U Woord,  
maar dit dring nie meer in.

Dit is nie meer so  
soos dit vroeër was,  
toe ek geglo het soos 'n kind  
dat U vir my alles was.

Nou dink ek ek's groot  
selfs te groot vir U.  
Ek kan alleen regkom,  
ek't U nie nodig nie.

Daar's altyd wel iets  
wat ek eers moet doen,  
voor ek aan U kan dink;  
voor ek U dinge kan doen.

Wil U tog in my werk  
met U Heilige Gees,  
sodat ek soos vroeër  
weer U kind kan wees.

Leer my tog raaksien  
dat U elke sekonde gee,  
nou...nou...nou...  
sodat ek vir U moet leef.

Dink nooit meer "later",  
want as Christus kom, wanneer?  
Dan sal daar geen tyd meer wees  
en geen "later" meer...

## DID YOU ENJOY YOUR LAST PARTY?

How did you arrive at the party? In your car, or your sister's car so that she could drive you home again at the end of the night?

Were you dressed modestly, or were you dressed in a low cut top, and tight jeans so that you would get noticed by that guy you've got your eye on?

\*\*\*

Did you lean back with a beer in your hand and think "Aah, this is what life is all about"?

Did you grab another, when you know you really shouldn't have?



Did you keep your mouth shut, when you saw someone well on their way to getting drunk or did you speak up to let them know what you thought?

What kind of things did you talk about? Were they wholesome and beneficial, or were they shallow and meaningless?

### VERJAARSDAE

#### Bethal

Jeanné Botha	18-Aug
Elize Botha	25-Aug
Leclue Nienaber	12-Sep
Eugene du Preez	13-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep

#### Johannesburg

Eunice Boessenkool	27-Sep
--------------------	--------

#### Kaapstad

Carina van Alten	06-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Lieneke Eefting	03-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep

#### Maranata

Ria de Vries	02-Aug
Reinier Raimond	15-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Hester van der Meulen	27-Sep

#### Pretoria

Wilma Lubbinge	03-Aug
Hilde Ros	05-Aug
Laurike Bosker	21-Aug
Albert Smit	22-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug
Hilda Middeljans	03-Sep
Liza de Vente	04-Sep
Marius de Jager	08-Sep
Sjaak Hagg	12-Sep
Magriet Smit	19-Sep

Were the jokes crude and dirty?

Did you inwardly cringe with embarrassment, or did you laugh long and hard with the rest of the party-goers?

Do you continue to silence your conscience when you know really you should be listening to it?

What kind of language did you and your mates use? Did the foul language flow as easily as the beer?

Did you sit with your friends and gossip about what the other girls were wearing? Or did you go and speak to that person who looked a little lost and out of place?

How long did you stay for? Were you at home in time to have a good sleep, so that you could stay awake in church the following day?

Did you find it difficult to answer honestly when your parents asked you about the party the next morning?

Did you go home satisfied that that was a Saturday night well-spent?

Did you realize that during all that time, God was there at the party watching you?